**Kleinfontein Inwoners Vereniging**
OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS
**Adres: Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001**
**Web: kivgroep.co.za**
**E-pos:** kiv.kleinfontein@gmail.com

Geagte Mevrou Anoniem
Michael Abdo

Kleinfontein

Vir plasing op kivgroep.co.za

1 April 2025

**Verw: U anonieme epos gedateer 29 Maart 2025 en soos onder aangehaal sowel as Michael Abdo se stemboodskap op die Wildparkgroep verwys.**

Mevrou dankie vir u skrywe en dit spreek van die erns wat u met die saak het. Dit word meer waardeer as die stemboodskap wat deur Michael op die Wildparkgroep gelaat word. U direkte aanspreek tel meer punte as verskuilde stem boodskappe. Dankie dus vir u skrywe ontvang en gun die KIV asb die geleentheid om daarop te reageer. Michael se stemboodskap word verwerp met die minagting wat dit verdien.

Aanspreekform

Aanvaar asb dat ons u antwoord en slegs as Mevrou aanspreek aangesien u skrywe as anoniem ontvang is. Dit is geensins as beledigend of verkleinend bedoel nie.

Emosie

Ons lees en verstaan u emosie soos vasgevang in u epos. Ons aanvaar dat daar baie emosie by baie Kleinfonteiners is aangesien hier reuse bedrae geld betrokke is as ons slegs die regsonkoste, uitstaande heffings (wettig of onwettig) formaliseringskostes en Tshwane belasting in ag geneem word. Ons aanvaar en verstaan dat baie inwoners eenvoudig nie hierdie tipe fondse beskikbaar het nie insluitend Michael en aanvaar dit is hoekom hy so optree.

Met dit aanvaar ons ook dat u selfs meer op ‘n sterk emosie kan aanspraak maak aangesien u man in die vuurlyn staan van verskeie geregtilike ondersoeke waaronder die ondersoek deur die Valke slegs een is.

Reg op bewyslas

Die Suid Afrikaanse reg bepaal dat die een wat beweer die bewyse moet lewer. U maak verskeie bewerings in u skrywe en ons sal graag u bewyse wil ontvang en onderneem om dit ook op die kivgroep te plaas. Gun ons egter ook die geleentheid om in ons antwoord aan u ons bewyse te plaas.
Antwoord op u epos

Die KIV haal u epos as ‘n afskrif aan ten einde volle deursigtigheid te verseker. Ons antwoord dus soos volg in u epos. Stawende dokumente is op ons webtuiste beskikbaar sou u dit wou navors.

KIV se antwoord is in blou en
Versoekte bewyse is in rooi

***Kleinfontein***
***29 Maart 2025***
***Henk Cillliers***
***kiv.kleinfontein@gmail.com***
***Neem kennis van die volgende***

**Jy/julle het oor 'n tydperk van langer as twee jaar**

KIV is in 2021 wettig gestig en het 'n grondwet

**gekies om teen Kleinfontein onregmatig en**
**valslik op te tree sonder enige stawende dokumente en bewyse.**

Lewer asb bewyse van onregmatige en valslike optrede

**Al jou boodskappe en e-posse bevat blatante leuens, verketter en veroordeel KA se Direksie en personeel, jy maak vals aannames waarvoor jy nie bewyse het nie.**

Lewer asb bewyse van enige vals inligting versprei en of verkeeerde aannames sodat ons dit in die publiek kan regstel

**Dink jy dit is geregverdig wat jy doen?**

Die KIV is oortuig daarvan dat dit reg is om enige misdadigheid en of onreg bloot te lê. Die bedrog wat op Kleinfontein gepleeg is loop ten bedrae van meer as R 600 000 000.00. Die Suid Afrikaanse reg bepaal juis

In South Africa, you are obligated to report certain crimes, especially if you hold a position of authority or are aware of certain offenses involving a certain amount of money. Failure to report can be a criminal offense.

Here's a more detailed explanation:

Who needs to report?

**People in positions of authority:**

This includes individuals like the Director-General or head of a national or provincial department, municipal managers, public officers in the Senior Management Service, heads of tertiary institutions, company managers, directors, or executives in financial institutions, and others.

**People who know or suspect certain offenses:**

If you know or reasonably suspect that someone has committed certain offenses, you have a duty to report them.

What to report?

- **Certain offenses:** These include corruption, theft, fraud, extortion, forgery, or uttering of a forged document.
- **Offenses involving a certain amount:** The offenses must involve an amount of R100,000 or more.

How to report?

- **Contact the police:** You can report a crime by calling 10111 in case of an emergency or going to your nearest police station.
- **Crime Stop:** If you want to report a crime anonymously, you can contact Crime Stop at 08600 10111.
- **My SAPS App:** You can also use the My SAPS App to report crimes anonymously.

**Voortdurend afbrekende boodskappe stuur.! Weet jy regtig wat jy doen en wat die gevolge eendag gaan wees vir jou as persoon?**

*Die KIV ervaar nie die boodskappe as afbrekend nie maar slegs as verkondiging van die waarheid. Ons aanvaar ook volle aanspreeklikheid vir enige gevolge deur die waarheid te verkondig.*

**Jy word befonds van 'n onbekende bron, wat dieselfde agenda as jy het. As jy nie geld het nie, sal jy nie so kan voortgaan met jou vernietigende werke nie.**

*U is verkeerd op befondsing. Die KIV se befondsing kom van intern en word deur lede self gedra. U word daarop gewys dat die KIV se regskostes al ver oor die R 2Milj beloop en behoort as 'n bewys te staan van die erns waarmee die KIV hierdie saak beskou.*

**Julle agenda is duidelik om Kleinfontein te vernietig,**

Die KIV ontken ten sterkste dat dit die plan is om Kleinfontein te vernietig en plaas dit op rekord dat die KIV se aksies is om Kleinfontein van die "selfverykers" te red en wettig te maak. Die vernietiging is 'n Dannie de Beer propoganda wat u aanhang met geen bewyse. Kleinfontein kan wel vernietig word in die proses maar sal slegs wees omdat u en ander aandeelhouers die KIV nog nooit erken of ten woord gestaan het nie.

**maar daar is ook 'n ander agenda. Jy weet wat dit is.**

Nee, die KIV weet nie wat dit is nie. Stel ons asb in kennis

**Jy laat toe om jouself vas te vang in 'n sekere organisasie, hulle gebruik jou om hulle doelwit te bereik. Die ongeregtigheid en verskuilde agendas is 'n bewys dat julle nie optree volgens Bybelse waardes nie.**

Kan u asb bewys lewer van ongeregtigheid en verskuilde agendas

**Jy sal dalk nie saamstem nie, maar weet net : wat sê God se Woord. Wees eerlik met jouself.**

**Heb. 10:26 Want as ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie. v27 Maar die verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teenstanders verteer". Dit geld vir almal en vir jou ook. Jy is 'n lafaard, jy kruip in jou huis weg, jy het nie die mannemoed om in die openbaar jou saak te stel nie. Jy noem my man 'n papperd, maar jy is 'n papperd! Jy is 'n leuenaar. Jy is 'n lakei en pion in die hande van die diaboliese onderkruipers wat jou gebruik om hulle vuilwerk te doen, dalk word jy deur hulle befonds?**

**Jy beledig persone, sê persone sleg asof jy in die posisie is om hulle te oordeel. Jy is hoogmoedig!**

Mevrou soos bo genoem sien en erken ons jou frustrasie. Die KIV plaas dit egter op rekord dat ons nog nooit 'n skrywe ontvang het van beide KA en KSK  waar hulle ons tot 'n gesprek genooi het.

Ons plaas dit ook op rekord dat die KIV bestuur as persona non grata deur Jean du Plessis se direksie verklaar is en nog nooit deur enige direksie opgehef is nie.

Die KIV sal en kan hom nie uitlaat oor Bybelse beginsels. Dit is die doel en plig van die kerk.

As u bedoel dat Henk Celliers hoogmoedig is om nie aan 'n debat deel te neem kan u hierdie skrywe aanvaar dat die KIV bestuur Henk nooit 'n mandaat gegee het om aan enige debat deel te neem nie. Die KIV bestuur is van opinie dat dit nie 'n konstruktiewe gesprek sal wees nie en dat al die feite voor 'n hof is wat daaroor sal besluit.

Die aanval teen Henk deur Michael word ook as ontvang erken maar sal nie reaksie ontvang nie. Dit word deur die KIV Bestuur met minagting verwerp. Die KIV Bestuur sal eenvoudig nie homself verkleineer om tot daai vlak te daal en is dankbaar teenoor Henk dat hy nie regsaksie van meineed teen Michael instel nie. Dit spreek van sy etiek en opregtheid in hierdie saak.

.

**Matt. 7: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet sal weer vir julle gemeet word". Dit geld vir almal en vir jou ook.**

**Jou holruggeryde rympie van ontwettigheid is vals en jy is totaal onkundig en het nie die volle inligting nie.**

U haal Jean du Plessis hier aan. Heer du Plessis kon of wou ons nie van die korrekte inligting voorsien nie. Graag versoek ons u om die inligting aan die KIV deur te gee.

Tot dan versoek ons u om asb weer Regter Fourie se uitspraak in 2016 te lees

- Punt 6 Dit is gemene saak tussen KBK en die Aansoekers dat Kleinfontein nog nie tot 'n dorpsgebied geproklameer is nie
- Punt 9 Die onwettige ontwikkeling van Kleinfontein veroorsaak grootskaalse eiendom onsekerheid
- Punt 10 Die eerste respondent (KBK) argumenteer nie dat Kleinfontein nog nie tot 'n dorpsgebied geproklameer is nie
- Punt 15 KBK het aansoek gedoen om Formalisering. Hoekom sou hulle dit doen as Kleinfontein wettig is.
- Punt 32 KBK het 'n onderneming gegee om nie verder te ontwikkel nie. Hoekom sou KBK dit gee as ontwikkeling nie teen die wet is nie.

Regter Voster se uitspraak in 2024

- Punt 1 tot 7 Reg tot selfbeskikking - Wet is nog nie opgestel nie.
- Punt 10 In die afwesigheid van 'n wet het lede soos van die Broere Vryheids Beweging self grondgebied gekoop en die Volkstaat gedagte ge-implimenteer.
- Punt 18 Hierdie "besighede" is onder die wet op Kooperasies geregistreer.
- Punt 28 en 29. Kleinfontein het sy status as kultuurgemeenskap probeer behou volgens artikel 31 van SA se Konstitusie. Seksie 235 van die SA Konstitusie waarop Kleinfontein hom beroep word vereken teen die gebrek aan wetgewing soos onder punt 1 tot 7.
- Punt 40 Ontwikkeling is van begin af onwettig is is krimineel
- Punt 67 tot 101 Alles bevindings van onwettige ontwikkeling
- Opsommend verwys die regter na KA as 'n "criminal enterprize"

**Al die leuens wat jy versprei kan met dokumentasie die teendeel bewys, maar jy is nie bereid om die korrekte inligting te bekom nie.**

Weereens versoek ons u om ons van die korrekte inligting te voorsien of selfs 'n aanduiding te gee om daarvoor te gaan soek.

As u bedoel dat die Afrikaner akoord voorsiening maak vir 'n Volkstaat word u aangeraai om weer regter Voster se uitspraak punt 1 tot 10 te gaan lees.

**Geld wat stom is maak reg wat krom is.**

**Ef. 4:25 " Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid." Die is 'n opdrag van die Heilige God! Jy ignoreer dit! Die leuen het 'n kort been, die waarheid haal hom gou in. Dink jy, wat jy doen, is volgens God se Woord geregverdig? Mag jy persone veroordeel wat in die verlede gefouteer het maar nie bedrog gepleeg het nie? Het jy bewyse daarvoor?**

Die hof sal bepaal wie het die leun gespreek. As die KIV versoek ons u om ruimte in u hart te maak dat die KIV dalk reg kan wees. In die opsig het die KIV bewyse van bedrog aan die Valke voorsien en het alreeds 'n ondersoek nommer ontvang. Eerste verklarings is alreeds afgelê.

Die KIV veroordeel niemand. Ons spreek slegs die waarheid uit en sal graag 'n wettige Kleinfontein met 'n toekoms wil sien.

**1. Joh. 7:24 " Moenie oordeel volgens wat julle nie sien nie maar oordeel in 'n regverdige oordeel". Dit geld vir almal en vir jou ook.**

**Rom. 14:11 " Want daar is geskrywe: so waaragtig as Ek leef sê die Here, voor My sal elke knie buig en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee". Dit geld vir almal en vir jou ook.**

**Jy het net 'n paar volgelinge aan wie jy onwaarhede versprei en hulle glo jou.**

Mevrou dit is nie waar nie. U moet besef dat dit net 1 persoon neem om 'n saak oop te maak. Die KIV se ledetal staan op +/- 100 met 180 intekenare op ons webwerf en groei daagliks.

**Maar nie een van jou volgelinge, of jy, het ooit die moeite gedoen om KA kantoor te besoek om die volle waarheid en bewyse te kry nie.**

Die stelling is ook nie korrek nie. Die KIV het formeel aansoek op skrif aansoek by KA gedoen vir samesprekings in 2021. Die briewe is net so aan ons terugbesorg.

Opvolg is gedoen na die Heemraad met geen reaksie van hulle kant.

'n Formele dispuut is verklaar en is tot op hede nog nie aangespreek of opgehef nie

Die KIV het wel in gesprek met KA getree na aansoek vanaf die KIV se kant maar KA het die wettigheid van Kleinfontein en die betaling van heffings van die tafel af gehaal.

**Jy het nog altyd jou eie agenda, om KA skade aan te doen. Jy roem dat jy genoeg fondse het om voort te gaan met hofsake. Jy en jou diaboliese volgelinge sal nie so kan voortgaan nie, die volle waarheid en geregtigheid gaan geskied.**

Die volle waarheid is waarvoor die KIV homself beywer.

**God verhoor die regverdige en die opregtes se gebede. KA het jou en jou volgelinge nog nooit veroordeel nie en nog nooit vals beskuldig nie.**

**Kolossense 3:25 " Maar wie onreg doen, sal die onreg wat hy gedoen het, terug ontvang". Dit geld vir jou ook.**

**Jakobus 2:13 "Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat geen barmhartigheid bewys het nie". Dit wat jy in jou lewe in die verlede gedoen het en wat jy nou doen, jy sal daarvoor voor God verantwoording doen. Sommige inwoners is bekend met dít wat jy in jou verlede gedoen het.**

Die KIV is ten volle bekend met Henk se verlede. U word uitgenooi om nie na MIchael se praatjies te luister of as korrek te aanvaar nie. Google eenvoudig Henk Celliers Ermelo op die skakel soos onder en u sal sien dat Henk 'n suksesvolle sakeman is wat van Ermelo af kom en later na Nelspruit getrek het.

U word ook verwys na die GOP soos opgestel deur Pieter du Preez waar hierdie verdagmaking en beskinnering taktiek van KA as deel van hulle plan aangedui word.

https://www.google.com/search?q=Henk+Celliers+Ermelo&oq=Henk+Celliers+ermelo&gs_lcrp=EgZjaHJvbWUyBggAEEUYOTIJCAEQIRgKGKABMgkIAhAhGAoYoAEyBwgDECEYjwIyBwgEECEYjwLSAQoxMzYxOWowajE1qAIIsAIB8QW1-yWgRcWOyA&sourceid=chrome&ie=UTF-8

**Vir God kan jy niks wegsteek nie. Jy kan ander mense Bluff maar nie vir God nie. Hy sien alles wat ons almal doen. Dit geld vir jou ook.**

**Jy misbruik Kleinfontein, waar jy woon, jy bly veilig en goedkoop. Jy weerhou heffings, geld wat spandeer kon word om Kleinfontein se infrastruktuur te verbeter. Maar nee! Jy kies die Breë Pad. Die Nou Pad is nie vir jou beskore nie. Jy waardeer nie Kleinfontein nie. Verlaat Kleinfontein en gaan bly daar waar jou bondgenote is. Kleinfontein is die plek vir jou nie! Jy is nie welkom in Kleinfontein nie!**

Graag wys die KIV u daarop dat u nou die persone en of organisasie wat Kleinfontein wettig wil sien met gewaarborgde eiendomswaarde van Kleinfontein wil afsien. Kan ons dus aanvaar dat u in 'n onwettigheid wil bly waar korupsie en selfveryking hoogty vir vir dit wil veruil.

Dalk net dalk moet die skoen aan die ander voet wees maar ons aanvaar u onsteldheid as reaksie op die ondersoeke teen u man. Iemand moet mos die skuld kry, waarom nie die KIV nie.

**Jakobus 4:12 "Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel?" Dit geld vir almal en vir jou ook**

**Romeine 1:18 " Want die toorn van God word vanaf die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk" Ongeregtigheid : onregverdigheid; onvolkomenheid. Dit geld vir almal en vir jou ook.**

**2.Romeine 2:5,6 "Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke". Dit geld vir almal en vir jou ook.**

**Hand. 8:22 "Bekeer jou dan van hierdie *boosheid* van jou, en bid God of die gedagte van jou hart miskien vergewe word".**

**2 Tess. 1:9 "Hulle sal gestraf word met die ewige vernietiging, weg van die teenwoordigheid van die Here en die heerlikheid van Sy mag". Dink jy jy gaan dit vryspring? God sien jou werke.**

**1 Pet. 4:5 "En hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel". Dit geld vir almal en vir jou ook.**

**Joh. 8:7 Laat dié een wat sonder sonde is, die eerste klip gooi". Is jy sonder sonde?**

**Matt. 7:23 "Gaan weg van My af julle wat die ongeregtigheid werk. Die Seun van die Mens sal Sy engele uitstuur en hulle sal uit Sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en dié wat die ongeregtigheid doen en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van tande.". Jou en jou bondgenote se werke en optrede is 'n duidelike bewys dat julle eerder gehoorsaam is aan die duiwel. Die duiwel se werke word baie goed in God se Woord beskryf. Kan jy die teendeel bewys? Dít wat jy en jou diaboliese bondgenote aan KA doen is walglik en uit die hel! Julle kies om daardie weg te gaan.**

Die KIV beskou u aanhalings uit die Bybel en die vertolking daarvan as u reg maar sien dit ook as u eie opinie. Ons sal dus nie daarop reageer aangesien die KIV Bestuur se mandaat soos ontvang van sy lede baie duidelik is dat die morele hoërgrond altyd behou moet word.

**Julle KIV lede verlaat die een na die ander Kleinfontein.**

**JY!! VERLAAT KLEINFONTEIN!!**

Dit is die KIV se wens dat u vrede en versoening in plaas van kwaad in u hart sal vind